3 Maart 2025

INHOUD

WINTERSPORT
SKOOLTYE
AFLEWERINGS
MEDIKASIE
VRIENDE VAN BRITS
NW-SWEM
KNIPMESBRAAI
WËRELDBIDDAG
MNR. & MEJ. BRITSIE
NAVRAE

Met die blaas van 'n fluitjie

Met vlinders in jou maag wag jy vir die fluitjie om te blaas – die begin van die wintersportseisoen vir 2025 is hier!
Die hokkie-, netbal- en rugbyspelers van Hoërskool Brits staan gereed om met passie en toewyding die seisoen te begin.

Dié seisoen gaan nie net oor wen of verloor nie, maar oor die belewing van elke oomblik op die veld.
Geniet elke wedstryd, want dit is 'n voorreg om jou talent te gebruik.

Onthou om Jesus deur jou spel te eer en altyd met sportmangees op te tree. Jou gedrag op en van die veld dra die naam van Hoërskool Brits – dra dit met trots!

Wees 'n span, speel saam en moedig mekaar aan.
Wat ook al die uitslag mag wees, stap altyd van die veld af as 'n wenner – met respek, trots en dankbaarheid. Sport gaan oor meer as bekers en oorwinnings; dit gaan oor spangees, kameraadskap en karaktervorming.

Elke speler dra by tot die krag van Hoërskool Brits se sport – of jy in die A-span, B-span, eerstespan of derdespan speel, jou deelname het waarde en betekenis. Elke Britsie se bydrae maak 'n verskil, want ware sport is om jou beste te gee, jou spanmaats te ondersteun en die naam van Hoërskool Brits hoog te hou.

Sterkte aan al ons spelers! Mag hierdie seisoen een wees vol groei, leer en oorwinnings – groot en klein.

Saterdag, 8 Maart 2025
Brits vs Bastion (weg)



Britsiegroete.
Mnr. Anton Nortman

Skooltye

Skooltye is soos volg:
Maandag tot Donderdag - 7:15 tot 14:00
Vrydag - 7:15 tot 13:30.



Die klok lui om 7:15. Leerders moet reeds om 7:15 op die terrein wees, hekke sluit om 7:15. Leerders wat na 7:15 arriveer, se ouers moet hul na die kantoor neem, waar die ouers die leerder self by die skool kom inteken.

Aflewerings tydens skoolure

Geen aflewerings van kospakkies, boeke ens. mag by die skool gedoen word tydens skoolure nie.
Ons vra asseblief alle ouers en leerders se samewerking in die verband. Die hekwag is opdrag gegee om enige sulke aflewerings vir leerders van die hand te wys.

Medikasie by die skool

Ingevolge die Wysigingswet op Medisyne en verwante middels mag geen medikasie deur die skool aan leerders gegee word nie.

Die skool beskik nie meer oor ‘n siekekamer nie. Indien ‘n leerder siek voel gedurende skoolure, gaan ons vra dat u asb. u kind kom haal.

Vriende van Brits

Ford | BRITS FORD
Pick n Pay Brits Mall
OBARO
In lyn met die boer
Aligned with the farmer
BRITS
JONG-BOEREVERENIGING
Intertoy TOYOTA BRITS
PROUDLY Madibeng am in!
#MyTown #MyResponsibility

Atletiek

Baie sterkte aan die volgende atlete wat Saterdag, 8 Maart 2025 aan die NW-atletiekbyeenkoms gaan deelneem:

Katlego Mphamo - 100m hekkies
Zian Oosthuizen - 400m hekkies en 110m hekkies
Boeta Booysen - Hoogspring
Ruan Hollander - 100m
Jonathan Smith - Diskus
Lemar Enslin - 110m hekkies
Heilice Engelbrecht - 90m hekkies
Elrike du Plessis - 400m hekkies en 100m hekkies
Quenné Botha - 1500m en 800m
Wilance Bruwer - Diskus en Spiesgooi
Megan Seath - 100m hekkies
Thilina Mabuza - Gewigstoot
Danel Jansen - Gewigstoot
Jané Botha - Spiesgooi
Anke Botha - Spiesgooi

Noordwes - swem

Uitslae van 28 Februarie en 1 Maart, Noorders-swemgala.

Hoërskool Brits eindig 14de uit 42 skole.

Luca Otto - 8 goue medaljes
W.J. du Plessis - 1 Silwer medalje
Ethan Moll - 1 Brons medalje
Elrike du Plessis - 1 Brons medalje

W.J. du Plessis en Luca Otto swem SA-Skole kwalifiserende tye.

Luca Otto, van Hoërskool Brits het hierdie naweek, 28 Februarie en 1 Maart 2025, aan die Noord Wes Skole Kampioenskappe in Potch deelgeneem.

Ten spyte van ongure reën weer verower Luca 8 goue medaljes met sy beste tye van die seisoen in sewe items, waarvoor hy ook nou kwalifiseer vir SA Skole Kampioenskappe.
Ons wag nog om te hoor wie in die finale span gaan wees.

Luca is ook opgewonde om aan te kondig dat hy nou met 4 items gekwalifiseer het vir SANJ (SA Junior Nasionale Kampioenskappe) wat die 25 tot 29 April 2025 in Kaapstad gaan plaasvind.

"Luca verstom my, hy het verbasende dryfkrag en 'n absolute talent in swem," sê sy afrigter, Yvonne Victor.

Knipmesbraai

Hoërskool Brits
se jaarlikse
KNIPMESBRAAI
aangebied deur die Beheerliggaam

R350 p/p
(Geen leerders)
Kaartjies - skoolhartoor

6 Maart 2025
17:00
Hoërskool Brits se sportgronde
Prys sluit 'n knipmes in
Eie koelerboks teen R200 'n boks
Kroeg beskikbaar
+- 40 skape gaan gebraai word

- Hoërskool Brits | - @hsbrits | - hsbrits.co.za | #beslisBrits

Wêreld biddag vir vroue

Mnr & Mej Britsie

#beslisBrits

Navrae

Enige afwesighede en of probleme, toestemming vir uitteken, moet met die graadvoog hanteer word.
Indien u enige navrae het rakende situasies van die skool, moet u asseblief gebruik maak van die kontakbesonderhede soos hieronder gelys;

Algemene navrae: Me. Erna Botes - 012 252 3228/hsbrits@hsbrits.co.za
Afwesighede: Me. Lenie Potgieter
Uitteken gedurende skoolure: Me. Erna Botes
Finansies: Me. Mariëtte Nel
(Skoolfondsnavrae en bewys van betaling)
Finansies: Me. Willa Bekker
(Agterstallige skoolfonds en subsidies)
Akademie: Mnr. Werner Bossert
Sport: Me. Lize-Mari Rossouw
Kultuur: Mnr. Jakkie Louw
Dissipline: Me. Alet Goosen
Bemarking: Me. Anriëtte Delport
Vakveranderings: Me. Gerda Myburgh
Graad 8: Me. Roselle Stander - **graad8@hsbrits.co.za**
Graad 9: Mnr. Jandré Botes - **graad9@hsbrits.co.za**
Graad 10: Me. Wilna van Gass - **graad10@hsbrits.co.za**
Graad 11: Me. Minette Pelser - **graad11@hsbrits.co.za**
Graad 12: Me. Adri Burger - **graad12@hsbrits.co.za**